# HOOFSTUK 1

## Teoretiese Raamwerk en Metodologiese Aanpak

Die hooftema van die studie is **Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke** [1] **en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.** Dit behels in hoofsaak 'n regshistoriese ondersoek wat deskriptief en analities van aard is na die invloed van die Doleansiekerkreg en/of latere kerkregtelike ontwikkeling in Nederland op die kerkreg en kerkregering in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK). Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (=NGKA), Reformed Church in Africa (=RCA) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) tussen 1881 en 2008.

### 1.1. Probleemstelling en motivering

### 1.1. 1. Eksterne beïnvloeding

Die navorser se keuse vir die tema **Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika** in hierdie proefskrif, is nie slegs akademies gemotiveer nie. As actuarius[2] van die VGKSA Streeksinode Kaapland het die navorser gaandeweg besef dat die Doleansiekerkreg en/of die later ontwikkeling in die kerkreg 'n

[1] Met Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke word bedoel kerke wat deur die sendingywer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontstaan het, byvoorbeeld die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK), die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk later bekend as die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (=NGKA) asook die Indian Reformed Church later bekend as die Reformed Church in Africa (=RCA).

[2] Die actuarius stel hoogstens binne drie maande, nadat die notule en/of die lys van besluite van die vergadering van die Streeksinode vrygestel is, 'n manuskrip op van die Kerkorde-artikels, Aanvullende Bepalinge en Reglemente wat bestaan uit die Kerkorde en besluite van 'n wetlike aard soos deur die jongste vergadering van die Algemene Sinode aanvaar of geamendeer tesame met die Aanvullende Bepalinge, Reglemente en (as ekstrakte) besluite van 'n wetlike aard soos deur die Streeksinode aanvaar of geamendeer, en lê dit voor aan die Moderatuur, vir kontrolering en ondertekening, waarna dit in Afrikaans en in 'n isi-Xhosa vertaling gepubliseer word deur die Kommissie vir Publikasies en Kommunikasie. Die Actuarius stel ook addenda tot die *Kerkorde, Aanvullende Bepalinge en Reglemente* op wat kragtens Bep. 60.10.2 aanvaar en regsgeldig is (*Kerkorde Streeksinode Kaapland* 2002: Bep 59.1).

groot rol speel in die konstituering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA se kerkreg en kerkregering.

**1.1.2. Navorsingshipotese**

Die navorser wil in die proefskrif aantoon dat die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA ontstaan en/of ontwikkel het gedurende ’n spesifieke historiese diskoers oor die *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* in Nederland en dat standpuntinname vir of teen die *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA onderskei kan word. In die studie word gevolglik een ontwikkelende kerkreg met ‘n ander ontwikkelende kerkreg vergelyk.

Dit is ’n regshistoriese ondersoek wat deskriptief en analities van aard is. Die studie behels uiteraard ’n regshistoriese ondersoek na die oorsprong, die funksie en klemverskuiwings en/of die belangrikste vraagstellinge in die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA. Die Doleansiekerkreg en verdere kerkregtelike ontwikkeling in die Gereformeerde kerke in Nederland asook die impak daarvan op die kerkregtelike ontwikkelinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA word gevolglik in die dissertasie regshistories geanaliseer. Met bostaande as agtergrond word in die dissertasie die volgende ondersoek:

i. Wat word verstaan onder die onderskeie kerkregstelsels byvoorbeeld Episkopale stelsel (Roomse of Papale stelsel), Lutherse of Territoriale stelsel, die Independentistiese of Kongregasionalistiese stelsel, die Kollegialistiese of Genootskaplike stelsel en die Gereformeerde stelsel of Presbiteriaanse stelsel en in welke mate die sendingkerke deur een of meer van die onderskeie stelsels

geïmpakteer is al dan nie. Dit is van belang aangesien Doleansiekerkreg en Gereformeerde kerkreg nie dieselfde is nie, want die Doleansiekerkreg is ’n spesifieke vorm van die Gereformeerde kerkreg. Daar is in Gereformeerde kerkreg verskillende variante waarvan die Doleansiekerkreg slegs een is.

ii. In welke mate het die Doleansiekerkreg, ook bekend as *oud kerkrecht,* en latere *nieuwe kerkrecht*[3] die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika geïmpakteer? Dit wil sê in welke mate kan die Doleansiekerkreg en latere *nieuwe kerkrecht* as kritiese instansie gebruik word om te evalueer wat in die NGK en Sendingkerke op kerkregtelike terrein die afgelope eeu tot op hede gebeur het, wetende dat verskillende variante van Gereformeerde kerkreg die afgelope eeue ontwikkel het. Die Doleansiekerkreg is immers, alhoewel dit Gereformeerde kerkreg is, nie die standaard van Gereformeerde kerkreg nie.

iii. In welke mate prinsipiële kerkregtelike keuses van die NGK en die onderskeie sendingkerke Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Africa (NGKA), die Reformed Church is Africa (=RCA) en latere Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) in lyn was met die Doleansiekerkregbeginsels en/of in welke mate dit daarvan afgewyk het. Die Doleansiekerkreg word dus eerstens geteken, daarna die kerkreg en kerkregering van die NGK en in die daaropvolgende hoofstukke word aangedui

[3] Die term *oud kerkrecht* verwys na die stellingname wat deur drr A Kuyper en F L Rutgers ontwikkel was voor, tydens en na die Doleansie. Dit staan ook bekend as Doleansiekerkreg. Die Doleansie beoog geensins om ’n nuwe kerkreg te presenteer nie, maar gryp doelbewus terug na die sisteem van kerkregering, wat sy klassieke uitdrukking vind in die kerkorde, wat deur die Nasionale Sinode van Dordrecht in 1618-1619 vasgestel was (Golverdingen 2001:6.1). Die term *oud kerkrecht* word eers gebruik na die Sinode van Assen (1926). Laasgenoemde Sinode het uitgegaan van ‘n ander bevoegdheid van die meerdere vergadering as wat die Doleansiekerkreg ten opsigte van die tuguitoefening oor ampsdraers ken. Die teenstanders van hierdie gewysigde opvatting het die *oud kerkrecht* as norm vir die handelinge van die meerdere vergaderinge voorgestaan. Die diskoers met betrekking tot die *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* het verskerp met die verskyning van M Bouwman se dissertasie *Voetius over gezag van de meerdere vergadering* (Bouwman 1937a).

watter kerkregtelike prinsipiële keuses in die kerkregtelike ontwikkeling van die afsonderlike sendingkerke (NGSK, NGKA, RCA) en die VGKSA gemaak was.

iv. In welke mate die afwykings in die kerkreg indien enige, asook latere *nieuwe kerkrecht* beginsels teologies en/of kerkregtelik gefundeer word en/of dit sonder enige teologiese en/of kerkregtelike fundering bloot geïmplementeer word.

v. In welke mate in die eenheidsdiskoers tussen die NGSK en die NGKA Doleansiekerkregbeginsels, onder andere die selfstandigheid van die plaaslike kerk, die kerkverband asook die gesag van die meerdere vergadering ter syde gestel is.

**1.2. Waarom Doleansiekerkreg?**

Die Dolerendes onder leiding van A Kuyper en F L Rutgers herinterpreteer die Dordtse Kerkorde van 1619 met name op die punt van die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Hierdie herinterpretasie en die proses van heroriëntasie word die Doleansiekerkreg genoem. Reeds vóór die Doleansie was kerkregtelike beginsels geformuleer en uitgedra, wat voor oë gehou was by die afwerping van die sinodale juk en wat in die daaropvolgende tyd kragtig gehandhaaf sou word. Onder andere sluit die beginsels die selfstandigheid van die plaaslike kerk, die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die prinsipiële onderskeid tussen die Kerkraad en die meerdere vergaderinge in. Die Doleansiekerkreg bring nie iets nuuts in vergeleke met die 16de eeu en of die 17de eeu na vore nie, maar dui eerder 'n terugkeer na ou gereformeerde beginsels: "Niets nieuws. Re-formatie, wederkeer, terugkeer tot de oude gereformeerde beginselen" (Deddens 1992a:57).

Die Doleansiekerkregbeginsels, te wete die selfstandigheid van die plaaslike kerk; die karakter van die kerkverband; die aard en bevoegdheid van die gesag van die meerdere vergadering; die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur, het die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke asook die latere VGKSA, onmiskenbaar die afgelope eeu geïmpakteer. Dit blyk onder andere duidelik uit die kerkregtelike stryd met betrekking tot die selfstandigheid van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke, die kwessies oor die gesag en bevoegdheid van die NGK se Binnelandse Sendingkommissie, die tugreg oor ampsdraers, in besonder sendelinge, die karakter van die kerkverband en die voorbehoud tot hoër beroep wat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke vanaf 1881 tot 1978 besig gehou het asook die stryd om eiendomsreg van die plaaslike gemeente en die gesag en bevoegdheid van die meerdere vergadering wat sedert die stigting van die VGKSA in 1994 tot op hede gevoer is.

### 1.3. Konseptuele kategorieë wat in proefskrif gebruik sal word

In die proefskrif word die volgende begrippe as konseptuele kategorieë gebruik, naamlik: Afcheidingskerkreg, Appèlreg, Doleansiekerkreg, Kassasiereg, Kerkverband, Kerkreg, Meerdere vergadering en Mindere vergadering, *Nieuwe kerkrecht* en *Oud kerkrecht*, Ratifikasie, Regsbevoegdheid en Tugreg. Hierdie begrippe sal in die gang van die proefskrif verklaar word.

Kerkreg het, volgens Haitjema (1951:7), te doen met die sistematiese beskrywing van die orde in die lewe en die werk van die kerk. In die kerkreg het ons te doen met die kerk as instituut en as 'n organisme. Die insigte in die Gereformeerde kerkreg word in die dissertasie as uitgangspunte en kaders vir die beoefening van Gereformeerde kerkreg gebruik. In die kerkreg dink 'n mens meestal aan die voorskrifte en bepalinge waarmee

kerke haar organisasie en werksaamhede asook haar betrekkinge na buite reël. Volgens drs W Bakker (1992:13) in sy artikel, Wat is Kerkrecht in Van't Spijker & Van Drimmelen se *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*, gaan dit in die kerkreg nie slegs om die vraag hoe die kerk ingerig moet word nie, maar veral ook hoe die kerk behoort ingerig te wees. Die hooflyne van die Gereformeerde kerkreg word in die belydenisgeskrifte gevind (vergelyk Nederlandse Geloofsbelydenis art 27-32). Volgens Bakker (1992:13) gaan belangrike prinsipiële beginsels die kerkreg vooraf, onder andere het die kerkreg haar wortels in die kerk, dit wil sê in die leer van die kerk.

Alhoewel die kerk in haar konkrete verskynsel 'n gemeenskap van mense is, 'n menslike samelewingsverband, wat bepaalde ooreenkomste vertoon met menslike samelewingsverbande soos die staat, is die kerk na haar wese egter 'n geestelike gemeenskap (Bakker 1992:13). Die kerk is die mistieke liggaam van Christus. Die kerk is vervolgens na haar onsigbare gestalte, volgens Bakker (1992:13), nie vir konkrete regsverordeninge vatbaar nie. Die kerk kan dus nie sonder meer beoordeel word volgens die reëls en wette wat vir die menslike samelewingsverbande geld nie. Die kerkreg het Te make met die sigbare kerk (Bakker 1992:14). Die kerkreg handel oor die sigbare kerk as sigbare instituut (Jansen 1947:1). Kerkreg is inderdaad 'n eiesoortige vorm van reg (*sui generis*). Volgens Bakker (1992:15) noem Voetius in sy *Politica Ecclesiatica* die kerkregwetenskap "de heilige wetenskap van de regering van die sigbare kerk (*scientia sacra regendi ecclesiam visibilem*)." Die kerkreg het vervolgens betrekking op die kerklike "politeia" of staatsreëling wat van die "politeia" van die burgerstaat te onderskeie is. Die orde van die kerk vind sy grondslag in die Woord van God (De Gier 1989:21). Daarnaas is daar ook 'n verband tussen belydenis en die kerkorde. In 'n belydenis spreek die kerk haar uit wat sy as waarheid op grond van die Heilige Skrif bely en wil verkondig. 'n Belydenis is 'n kort samevatting van wat die Heilige Skrif omtrent die hoof waarhede leer. Die kerkreg word volgens De Gier vanuit die belydenis afgelei: "het kerkrecht heeft

dus de taak der rechtbeginselen van de kerk, die in de belijdenis neergeschreven zijn, nader te ontwikkelen" (De Gier 1989:21). Die vasstelling van die kerkorde berus by die kerk self. Die kerkorde is egter geen vasstaande reël nie. Die woord kerkorde kom nie in die Skrif voor nie. In die dissertasie word gepoog om die kerkregtelike beginsels wat in die stryd om 'n eie kerkorde in die sendingkerke ten grondslag lê, vas te stel. Dit word gedoen in agneming van die historiese konteks rondom die daarstelling van 'n eie kerkorde in die onderskeie sendingkerke.

1.4. Die **Metodologie van die verhandeling**

Afgesien van Hoofstukke 1 tot 3 kom Hoofstukke 4 tot 7 struktureel met mekaar ooreen. In Hoofstuk 2 word onderskei tussen die standpunte van A Kuyper,[4] F L Rutgers,[5] A F de Savornin Lohman[6] asook G H Kleyn, H Bouwman, J van Lonkhuyzen, W A van Es, S Greijdanus aan die eenkant en H H Kuyper, M Bouwman en Joh. Jansen aan die anderkant.

In Hoofstukke 4 tot 7 word getoets in welke mate Doleansiekerkregbeginsels óf *nieuwe kerkrecht* beginsels die onderskeie sendingkerke en latere VGKSA geïmpakteer het. Dit word gedoen aan die hand van die bestudering van die skemas van werksaamhede, actas en kerkordes van die onderskeie kerke (1881 tot 2007). Met betrekking tot die gebruik van die kerkorde as ekklesiologiese vormgewing behoort deeglik kennis geneem te word van dr G

[4] Kuyper, A 1883. *Tractaat van de reformatie der Kerken door de zoonen der reformatie hier te lande op Luther's vierde eeuwfeest aangeboden*. Amsterdam: J H Kruyt.

[5] Rutgers, F L 1890. *De geldigheid van de oude kerkenordening der Nederlandsche gereformeerde kerken*. Amsterdam: J H Kruyt. Rutgers, F L , De Savornin Lohman, A F & Kuyper, A 1887. *Het Gereformeerd Kerkelijk Congres (koptitel). De hiërarchie in haar kerkbedervend karakter (FL Rutgers); Door wat schuld de tweede hiërarchie opkwam (AF de Savornin Lohman); Wat ons tegenover de tweede hiërarchie te doen staat (A Kuyper).* Amsterdam: J H Kruyt. Rutgers, F L & De Savornin Lohman, A F 1887. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken.* Tweede hersiene , uitgawe. Met volledige repliek aan ds César Segers, dr Kleyn en Prof Gooszen Amsterdam: J H Kruyt. Rutgers, F L 1887. Het *Kerkbedervende karakter der Hierarchie*. Berkel & Rodenrijs: Drukkery K Haak. Rutgers, F L 1921 *Kerkelijke Adviezen,* Twee dele, Kampen: TU. Rutgers, F L 1894. Het kerkrecht in zoover het de kerk met het recht in verband brengt (rectorale rede). Amsterdam: J H Kruyt. Rutgers, F L 1918. *Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619.* College-voordrachten uitgegeven door J de Jong'. Deel IV. Van de Censuur en Kerkelijke Vermaning, Rotterdam: Drukker Libertas.

[6] Rutgers, F L & De Savornin Lohman A F, 1887. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken*. 1887. Tweede hersiene uitgawe. Met volledige repliek aan ds César Segers, dr Kleyn en prof Gooszen Amsterdam: J H Kruyt.

D J Dingemans se tipering van ’n kerkorde in sy artikel *Kerkorde als ecclesiologische* vormgeving: “Wat een kerkgemeenschap denkt over haar eigen wezen en gestalte, over haar positie in de wereld, haar vormgeving en inrichting, wordt in een kerkorde vertaald in rechtregels, die gelden voor het functioneren van die gemeenschap” (Dingemans 1992:215). ’n Kerkorde is volgens Dingemans (1992:215) in wese ’n teologiese kompromis, aangesien in ’n kerkorde verskillende teologiese en ekklesiologiese standpunte verenig word. Die kerkorde is dus die leer van die kerk wat in die praktyk tot uitvoering gebring word: “Een kerkorde is een gestructureede en in praktijk gebrachte theologie. Of nog preciezer gesegd: een kerkorde is een in rechtsregels vertaalde ecclesiologie” (Dingemans 1992:215).

Dieselfde is waar van die kerkordes van die onderskeie sendingkerke. In ’n nadere lees van die acta en skemas van werksaamhede en kerkordes van die onderskeie sendingkerke en latere VGKSA kan Gereformeerde kerkregtelike beginsels onderskei word. Gedurende die afgelope eeu het geen kerkregtelike verhandeling, kerkreghandboeke en/of kerkregpublikasies uit die sendingkerke se eie geledere ontwikkel nie. Die voormalige NGSK en die NGKA se grootste bydrae lê veral op praktyk-teologiese vlak en kerkhistoriese vlak eerder as om kerkregtelik na te dink oor hul praktyk van teologiese handelinge. Die klem het in die voormalige NGSK en die NGKA op sendinggeskiedskrywing,[7] prakties-teologiese ondersoeke[8] en op prakties teologiese

[7]Adonis, J C 1982. Die Afgebreekte skeidsmuur weer opgebou. Amsterdam, DTh verhandeling. Editions Rodopi . Adonis bring in *Die Afgebreekte skeidsmuur weer opgebou* (1982) die verstrengeling van die sendingbeleid van die NGK met die praktyk en ideologie van die apartheid in historiese perspektief. Adonis het ‘n sendingwetenskaplike ondersoek gedoen. Botha, A J 1965. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk as afsonderlike Instituut**.** Stellenbosch: MTh, Stellenbosch Universiteit. Botha, D P 1960. *Die opkoms van ons derde stand.* Kaapstad: Human en Rousseau. Brooks, J W 1982. ‘n Teologies-Missiologiese beoordeling van die Aktes van ooreenkoms tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerkverbande in Suid-Afrika. Stellenbosch. Jordaan, J T 1962. Die ontwikkeling van die sending van die NG Kerk in Transvaal. Pretoria. Erwee A J C 1980. Die sendingtaak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die inboorlingvolke van die Noordwes-Kaapland. Stellenbosch. Fourie, R 1968. ‘n Sosiologiese ondersoek na die sendingtaak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gesien in die lig van die ontwikkelende Afrika met spesiale

problematiek[9] geval. Gedurende die eeu was talryke gemeentegedenkboeke gepubliseer.[10] Dikwels is hierdie gemeentegedenkboeke egter niks meer as sélf deurleefde geskiedenis asof daar slegs een ware interpretasie tot die teks is nie: “Die kerk en sy bediening is op die voorgrond gestel sodat lidmate hulle daarmee kon identifiseer. Die geskiedenis is sonder kritiese evaluering verhaal. Die gedenkboek, wat op voetspoor van soortgelyke geskrifte van die NGK opgestel is, het uitdrukking gegee aan die sendingleraar se tevredenheid met sy bediening” (Breytenbach & Brown 1991:48). Breytenbach & Brown (1991:55) is van mening dat daar pragmaties en apologeties met die NGSK se geskiedenis omgegaan is. Breytenbach en Brown (1991:48) merk tereg op dat die geskiedskrywing oor die NGSK nie anders begryp kan word nie as met verwysing na die historiese konteks en situasie van die NGK se geskiedskrywing en sendingbenadering nie.

Die navorser wil egter in die studie aantoon hoe die Doleansiekerkregbeginsels soos onderskei in die kerkordes, acta en skemas van werksaamhede van die onderskeie sendingkerke op ŉ diskontinue wyse plek gemaak het vir ’n nuwe regs-historiese benadering tot die kerkreg. Die proefskrif, **Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika,** is vervolgens ŉ poging om die invloed en/of

---

verwysing na die Republiek van Suid-Afrika. Stellenbosch. Loff, C 1981. *Dogter of Verstoteling? Kantaantekeninge by die geskiedenis van die Ned Geref Sendingkerk in Suid-Afrika.*

[8] Dames, G E 1989. ’n Ondersoek na die stand en behoeftes van kategese in die NGSK. Bellville: MTh UWK.

[9] Dwyer, H 1989. Die pastorale begeleiding aan die ongehude moeder in die Sendingkerk in Suid-Afrika. Bellville: MTh UWK.

[10] Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om hier ‘n volledige lys van bronne te verstrek. Die navorser volstaan met die verwysings na: April, I R 1972. *Een-en-’n kwart eeufeesgedenkboek van die Ned Geref sendinggemeente Carnarvon.* Paarl. Botha, J G 1981. *Ek sal my gemeente bou. Gedenkuitgawe van die Ned Geref sendinggemeente van Malmesbury in die eeufeesjaar 1981.* Malmesbury. Dw Waal, J 1981. *Die Ned Geref sendinggemeente Wynberg, eeufees 1881-1981.* Kaapstad. De Wet, J 2000. *VGK Zions 180ste Bestaansjaar (1820-2000).* Paarl: Inter Media Drukkers. Du Plessis, A A 1986. *Die Ned Geref Sendingkerk Acacia Park (Parkwood), 1976-1986. Na 10 jaar.Kaapstad.* Goliath , A C 1972. *Gedenkboek. Uitgegee met die inwyding van die nuwe kerk van die Ned Geref sendingkerk, Bellville***.** Bellville: Lusboekwinkel en Uitgewers. Luckhoff, A D 1952. *Rynse NG Gemeente Stellebosch: anderhalf-eeufees 1802-1952***.** Stellenbosch. Joubert, P P 1932. *Na vyftig jaar ‘n jubileum-gedenkboek van die Ned.Gere. Sendingkerk in Suid-Afrika, bevattende gegewens van sy ontstaan en ontwikkeling***.** Noorder Paarl: Paarlse Drukpers. Van Zyl, M J N 1985. *Die NGS Gemeente Beaufortwes-oos Kwarteefees (1960-1985).* Paarl: Paarl Drukpers. Visser J C C (1945). *Eeufees van die Ned Geref Sendinggemeente Tulbagh.* . Paarl: Paarldrukpers.

paradigmatiese verskuiwings van die Nederlandse kerke se kerkregering op die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA vas te stel.

**1.5. Begrensing van die ondersoek**

Die fokus van hierdie studie is:

Die studie behels ŉ regshistoriese ondersoek wat deskriptief en analities van aard is. Die verband tussen die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering in die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA is nooit so ver die kennis van die navorser strek as ŉ selfstandige tema in behandeling gebring nie. In die lig van die beperkte opset van die verhandeling is dit onmoontlik om op elke afsonderlike kerkregtelike tema wat in die hoofstukke behandel word, in detail in te gaan. Die keuse val daarom waarop die navorser subjektiewelik beskou as die sentrale temas in die kerkreg van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA. Die kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA verdien egter om as ŉ selfstandige tema in behandeling geneem te word. As actuarius van die Streeksinode Kaapland het die navorser agtergekom dat daar leemtes in die huidige kennis oor die verband tussen Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering in NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA bestaan en dat daar 'n behoefte aan/of ŉ moontlikheid tot nuwe betekenisvolle ontwikkeling bestaan.

Geen navorsing is nie gestremd nie. Dieselfde sal ook waar van hierdie studie wees. Die navorsing is beperk tot kerkreg en kerkregering in die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA. Die navorsing word ook daarin begrens deurdat regshistoriese navorsing oor die kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA uiters beperk is. Om die kerkreg en kerkregtelike ontwikkeling van die sendingkerke te bepaal was in hoofsaak

gebruik gemaak van kerkordes, acta, skemas van werksaamhede van Sinodes en artikels in die *Ligdraer* en *Ligstraal*. Die navorser was gevolglik genoodsaak om van die teologiese bydraes van Afrikaanse Gereformeerde kerkregtelikes en/of ander vakwetenskaplikes wat op die kerkreg 'n bydrae gelewer het, te fokus byvoorbeeld F E O'B Gelderhuys, *Die regsposisie van die Kerkraad, Ring, Sinode*, E P J Kleynhans, *Gereformeerde Kerkreg Deel 1,11, 111*, J P Jacobs, *Die ontwikkeling van onafhanklike inheemse kerke in die kweking van selfstandige inheemse kerke,* B J Odendaal, *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland: 1652-1952,* C J Kriel, *Die geskiedenis van die Ned Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1956. 'n Historiese studie van die sendingwerk onder die Kleurlingbevolking van Kaapland,* N J Smith, *Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,* C J Kriel, *Die Eerste eeu. Die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika, 5 Oktober 1881- 5 Oktober 1981, C* J Kriel, Seuns *in Sy wingerd*, C J A Loff, *Dogter of verstoteling? Kantaantekeninge by die geskiedenis van die Ned Geref Sendingkerk in Suid-Afrika* asook B Spoelstra, *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: Handboek by die kerkorde.* Deeglike kennis is geneem om sodoende die teologiese voorveronderstellings met betrekking tot die kerkreg en kerkregering in die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA vas te stel. Die navorsing is dus 'n eerste poging om die kerkregtelike ontwikkeling van die sendingkerke te sistematiseer.

**1.6. Waarde van die Navorsing**

Die waarde vir die teologie lê daarin dat die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA uiteindelik in 'n teologiese werk aangespreek word. Vir die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA lê die waarde daarin dat

die studie ŉ belangrike teologiese bydrae tot die sistematisering van kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA lewer. Die proefskrif wil ’n bydrae lewer tot die ontwikkeling of uitbreiding van kennis op die spesifieke gebied. Die onderwerp van die proefskrif is dus uiters aktueel in Suid-Afrikaanse kerkregshistoriese konteks. Die navorser vertrou dat hierdie proefskrif gebruik mag word tot voortgaande besinning oor die kerkreg en kerkregering in die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA.

Die navorser poog om ’n bydrae deur middel van die dissertasie te lewer in die vorming van ’n Gereformeerde kerkregtelike bewussyn in die VGKSA om die wetenskaplike bestudering van die kerkreg te stimuleer en daardeur by te dra tot ’n verantwoordelike beeldvorming van die kerkregtelike ontwikkeling van die NGSK, NGKA, RCA asook VGKSA en om insig te verkry in die belangrike teologiese keuses wat agter die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA lê. Verder ook om insig in die hooflyne van die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke asook die VGKSA te verkry en om insig in die sentrale Gereformeerde kerkregtelike beginsels, denkkaders asook probleemstellinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA te verkry. Die proefskrif daag die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA uit met betrekking tot hul eie teologiese voorveronderstellings waarmee hul die kerkreg en kerkregering benader.

### 1.7. Strukturele uiteensetting van die dissertasie

Die navorsing oor **Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika** word struktureel in die dissertasie soos volg behandel: Die breë

struktuur het te doen met Doleansiekerkreg. Binne die breë strukturele raamwerk word keuses gemaak om aan Doleansiekerkregbeginsels aandag te gee asook aan sinodale uitsprake wat betrekking het op die kerkreg en kerkregering in die sendingkerke. Die kerkreg en kerkregering van die onderskeie sendingkerke word in die dissertasie aan die hand van die volgende sewe kerkregtelike beginsels getoets:

i. Christus as hoof van die kerk,

ii. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,

iii. Die karakter van die kerkverband,

iv. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering,

v. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers,

vi. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergadering,

vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur.

In Hoofstuk 1 word die agtergrond van die studie, die navorsingsprobleem asook die metodologiese benadering wat gevolg word aan die orde gestel.

Hoofstuk 2 handel kursories oor die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederlandse Gereformeerde Kerke (1816-1944). 'n Oriëntasie ten opsigte van Doleansiekerkstryd en Doleansiekerkreg vind in die hoofstuk plaas. In besonder gee die navorser aandag aan die Doleansiekerkreg. Abraham Kuyper se bydraes tot die Doleansiekerkreg word in die eerste deel van dié hoofstuk kursories behandel. Die studie is gevolglik 'n interaksie tussen die insigte van A Kuyper, F C Rutgers, A F de Savornin Lohman, asook H Bouwman, J van Lonkhuyzen, W A van Es, aan die eenkant en H G Kleyn, H H Kuyper, M Bouwman en Joh Jansen aan die anderkant (vergelyk Hoofstuk 2). In Hoofstuk 2 word ook onderskei

dat sommige eksponente (soos H Bouwman en Joh Jansen) aan beide kante, dit wil sê in die tydperk voor en na 1926, aan die kerkregtelike diskoers deelgeneem het. In dié hoofstuk word die hooflyne, grondslae en uitgangspunte van die Doleansiekerkreg aangeteken. Die ekklesiologiese onderbou in die regering van die kerk asook die verskillende kerkregeringstelsels kom ook onder bespreking.

Hoofstuk 3 dek kursories die kerkreg en kerkregering van die NGK in soverre dit betrekking het op die kerkreg en kerkregering van die sendingkerke, terwyl in Hoofstukke 4 tot 7 die kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA asook VGKSA gedek word. In besonder word aandag verleen aan die historiese konteks wat die kerkregtelike ontwikkeling in die NGSK en NGKA asook VGKSA beïnvloed het. In die Hoofstuk 8 word die kerkregtelike beginsels wat uit beide die Doleansiekerkregbeginsels en die *nieuwe kerkrecht* in die voorafgaande hoofstukke onderskei was, in 'n kerkregtelike raamwerk gesinkroniseer.